

29 AUGUSTUS 2019

**Efesiërs 5:21 #Onderdanig**

**"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig. Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, Sy kerk. Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees. Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en Sy lewe daarvoor afgelê het."**

"Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig." Om onderdanig te wees, leer ons dat dit nie 'n outokratiese verhouding is nie. Dit is eerder 'n lewe wat op 'n liefdesverhouding gebaseer is. As mans soos Jesus moet wees in die huwelik en vroue soos die kerk, dan is hulle 'n dinamiese paar. Hulle sal dan kan saam werk om te sien dat hulle vervuld is in die lewe asook in die koninkryk van God. Jesus het Sy lewe neegelê vir die kerk, so moet mans hulle lewens uit eerbied vir Christus vir hulle vroue neerlê.

En vroue moet aan hulle mans onderdanig wees, soos wat die kerk aan Christus onderdanig is. Ons weet dat dit maklik is om onderdanig te wees aan iemand wat jy vertrou. Mans en vroue sukkel om aan mekaar onderdanig te wees as hulle mekaar nie vertrou en glo dat die een die ander se beste belange op die hart dra nie.

Wanneer ons besef dat God net ons beste belange op Sy hart dra, dan sal jy 'n kerk kry wat onderdanig is aan God. Dit is ook slegs wanneer mans en vroue mekaar se belange eerlik en in opregtheid aanspreek dat dit maklik raak om aan mekaar onderdanig te wees. Hoe bou jy vertroue? Deur kwesbaar te wees teenoor mekaar.

Sê bietjie prys die Here!

